BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Tuesday, 10th July, 1956. WINDHOEK Dinsdag, 10 Julie 1956. No. 2[illegible]

CONTENTS

INHOUD

No. 152.] [10th July, 1956.

STANDARDS ACT, 1945.

DECLARATION OF THE STANDARD SPECIFICATIONS FOR THE MANUFACTURE, PRODUCTION, PROCESSING OR TREATMENT OF CANNED ROCK LOBSTER, CANNED FISH AND CANNED MEAT PRODUCTS TO COMPULSORY STANDARD SPECIFICATINS.

I, ALBERTUS JOHANNES ROUX VAN RHIJN, Minister of Economic Affairs, do hereby, on the recommendation of the Council of the South African Bureau of Standards, and under the powers vested in me by section *fifteen* (1) (a) (i) of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended, and being satisfied that it is not practicable to achieve the purposes of such compulsory standard specifications by compulsory standard specifications for canned rock lobster, canned fish and canned meat products, declare the undermentioned standard specifications to be compulsory standard specifications for the manufacture, production, processing or treatment of canned rock lobster, canned fish and canned meat products, with effect from the date two months after publication hereof.

A. J. R. VAN RHIJN,
Minister of Economic Affairs.

No. 152.] [10 Julie 1956.

WET OP STANDAARDE, 1945.

VERKLARING VAN DIE STANDAARDSPESIFIKASIES VIR DIE VERVAARDIGING, PRODUKSIE, BEWERKING OF BEHANDELING VAN INGEMAAKTE KREEF, INGEMAAKTE VIS EN INGEMAAKTE VLEISPRODUKTE TOT VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIES.

Ek, ALBERTUS JOHANNES ROUX VAN RHIJN, Minister van Ekonomiese Sake, verklaar hierby, op aanbeveling van die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, en kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyftien* (1) (a) (i) van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig, en aangesien ek oortuig is dat dit nie doenlik is om die doeleindes van sulke verpligte standaardspesifikasies deur verpligte standaardspesifikasies vir ingemaakte kreef, ingemaakte vis en ingemaakte vleisprodukte te bereik nie, die onderverm[illegible]lde standaardspesifikasies tot verpligte standaardspesifikasies vir die vervaardiging, produksie, bewerking of behandeling van ingemaakte kreef, ingemaakte vis en ingemaakte vleisprodukte met ingang van die datum twee maande na die publikasie hiervan.

A. J. R. VAN RHIJN,
Minister van Ekonomiese Sake.

A. COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR THE MANUFACTURE, PRODUCTION, PROCESSING OR TREATMENT OF CANNED ROCK LOBSTER.

SECTION 1.—SCOPE.

1.1 This specification covers canned rock lobster *(Jasus lalandii)* of the types described herein.

SECTION 2.—DEFINITIONS.

2.1 For the purposes of this specification the following definition shall apply:—

Canned Rock Lobster.—The palatable foodstuff prepared by preserving the edible flesh of the rock lobster with or without seasoning ingredients in hermetically sealed containers by heat treatment.

Container.—A can made of tinplate or aluminium or unless inconsistent with the context a jar made of glass.

Drained Weight.—The weight of the contents of the container when determined in accordance with 9.2.

Exhausting.—The removal of air from the contents of a container either by means of heat treatment or by vacuumization.

Freedom from Microbiological Spoilage.—The absence, in not less than 99 per cent. of the containers incubated at 37° C. for 14 days, of blows, leaks and micro-organism liable to cause spoilage in the product during storage.

Time-temperature Process.—The continuous heat treatment, expressed in terms of time and temperature, apply to the product after the container has been hermetically sealed.

SECTION 3.—GENERAL REQUIREMENTS FOR THE FACTORY.

3.1 CONDITION OF FACTORY.

3.1.1 The floor shall be thoroughly washed each day the cannery is in operation.

3.1.2 The factory shall at all times be maintained in a hygienic state.

3.1.3 No operation or condition which is detrimental to the canning of rock lobster shall be performed or be present in the canning factory.

3.2 EQUIPMENT.

3.2.1 Packing tables and utensils used in connection with the operation of rock lobster cleaning shall be thoroughly washed immediately after each day's operations.

3.2.2 The tops of all packing tables shall be made of or covered with wood, concrete, plastic, glass, marble, stainless steel or other material possessing similar desirable characteristics.

3.2.3 All packing tables shall have proper drainage and all joints shall be made water-tight.

3.2.4 All trays shall be kept clean and shall be regularly scalded with hot water or steam.

3.2.5 Lead and lead alloys other than solder shall not be used in the construction of equipment coming into contact with raw materials or the product.

3.2.6 Steam retorts shall be equipped with—

(a) a controller to maintain accurately the processing temperatures (this requirement is, however, not compulsory for the first cook);
(b) at least one indicating mercury-in-glass thermometer;
(c) a recording thermometer, complete with time-temperature charts;
(d) a pressure gauge;
(e) a vent or vents with tap(s) in the top of the retort;
(f) a bleeder in each thermometer well or pocket;
(g) at least one bleeder in the top of the retort;
(h) in the event of an automatic controller being used, a steam by-pass around the controller to make possible a rapid rise to the processing temperature; and
(i) an adequate safety valve.

3.3 WATER FOR PROCESSING, PACKING AND WASHING PURPOSES.

Every cannery shall have an edaquate supply of clean water free from substances or organisms that are injurious to health.

A. VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR DIE VERVAARDIGING, PRODUKSIE, BEWERKING OF BEHANDELING VAN INGEMAAKTE KREEF.

AFDELING 1.—BESTEK.

1.1 Hierdie spesifikasie dek ingemaakte kreef *(Jasus lalandii)* van die tipes wat hierin beskrywe word.

AFDELING 2.—WOORDBEPALING.

2.1 Onderstaande definisies geld vir die doeleindes van hierdie spesifikasie:—

Afwesigheid van mikrobiologiese bederf. — Die afwesigheid van opgeblaasde blikkies en blikkies wat lek, asook van mikro-organisms wat gedurende opberging van die produk bederf sal kan veroorsaak, in minstens 99 persent van die houers wat 14 dae lank by 37° C geïnkubeer is.

Gedreineerde gewig. — Die gewig van die inhoud van die houer wanneer volgens 9.2 bepaal.

Houer. — 'n Houer wat van blik of aluminium gemaak is, of, tensy strydig met die verband, 'n glasfles.

Ingemaakte kreef. — Die smaaklike voedsel wat berei word deur die eetbare vlees van die kreef met of sonder kruimiddels deur middel van hittebehandeling in lugdigverseëlde houers te preserveer.

Luguitdrywing. — Die verwydering van lug uit die inhoud van 'n houer, hetsy deur middel van hittebehandeling of deur evakuering.

Tyd-temperatuurproses. — Die ononderbroke hittebehandeling, in terme van tyd en temperatuur uitgedruk, waaraan die produk onderwerp word nadat die houer lugdig verseël is.

AFDELING 3.—ALGEMENE VEREISTES WAT BETREF DIE FABRIEK.

3.1 TOESTAND VAN DIE FABRIEK.

3.1.1 Die vloer moet elke dag waarop die fabriek in werking is, goed gewas word.

3.1.2 Higiëniese toestande moet te alle tye in die fabriek gehandhaaf word.

3.1.3 In 'n kreefinmaakfabriek mag geen toestand heers of werk gedoen word wat nadelig vir die inmaak van kreef is nie.

3.2 TOERUSTING.

3.2.1 Verpakkingstafels en gereedskap wat in verband met die skoonmaak van kreef gebruik word, moet onmiddellik na die dag se werk goed afgewas word.

3.2.2 Die blaaie van alle verpakkingstafels moet van hout, beton, plastiek, glas, marmer, vlekvrye staal of ander materiaal met dergelike gewenste eienskappe gemaak of daarmee oorgetrek wees.

3.2.3 Alle verpakkingstafels moet behoorlik gedreineer, en alle voeë waterdig wees.

3.2.4 Alle bakke moet skoon gehou en gereeld met warm water of stoom gereinig word.

3.2.5 Lood of loodlegerings, met uitsondering van soldeersel, mag nie vir die konstruksie van toerusting wat met grondstowwe of die produk in aanraking kom, gebruik word nie.

3.2.6 Stoomretorte moet voorsien wees van—

(a) 'n reguleerder waarmee die verwerkingstemperature noukeurig beheer kan word. (Hierdie vereiste is egter nie vir die eerste kookproses verpligtend nie);
(b) minstens een kwiktermometer;
(c) 'n registreertermometer, volledig met tyd-temperatuurkaarte;
(d) 'n drukmeter;
(e) 'n luggat of -gate met kraan/krane bo-in die retort;
(f) 'n uitlaatklep in elke termometerhouer;
(g) minstens een uitlaatklep bo-in die retort;
(h) ingeval 'n outomatiese reguleerder gebruik word, 'n stoom-omleiding rondom die reguleerder om 'n vinnige styging tot die verwerkingstemperatuur moontlik te maak; en
(i) 'n geskikte veiligheidsklep.

3.3 WATER VIR VERWERKINGS-, VERPAKKINGS- EN WASDOELEINDES.

Elke inmaakfabriek moet 'n genoegsame hoeveelheid skoon water, vry van stowwe of organismes wat nadelig vir die gesondheid is, tot sy beskikking hê.

COOLING WATER.

3.4 Cooling water shall be maintained in a wholesome condition. If re-used or re-circulated it shall be chlorinated to maintain a minimum residual chlorine concentration of 1 p.p.m.

SECTION 4.—INGREDIENT REQUIREMENTS.

4.1 CONDITION OF RAW MATERIALS.

All rock lobsters and other ingredients, both at the time they are used in the preparation of the product and at the time of canning, shall be clean, sound, fresh of good quality and in every way fit for human consumption.

4.2 PREPARATION OF FLESH.

The flesh shall be neatly trimmed, free from pieces of shell, swimmeret and barnacle. The anal canal shall be entirely removed. As much as possible of the natural red pigment shall remain on the flesh. In the preliminary treatment of the flesh prior to canning, adequate precautions shall be taken to minimize the possibility of brown discoloration and/or green or yellow staining.

4.3 SALT.

Salt added to the product shall be of good, edible quality and free from bitterness due to calcium, magnesium or sulphate.

4.4 SEASONING INGREDIENTS.

Harmless flavouring substances permitted in terms of the Foods, Drugs and Disinfectants Ordinance, 1952 (Ordinance No. 36 of 1952) and the regulations framed thereunder are permissible ingredients.

SECTION 5.—REQUIREMENTS FOR THE PRODUCT.

5.1 PACKING OF THE PRODUCT.

When packing tails, the presence of a small additional portion of flesh to adjust the fill of the container shall be permissible. The whole or half tails shall be neatly folded with a much as possible of the red pigment of the epidermis visible on the outside of the flesh. The product may be wrapped in clean parchment paper, cellulose film or other suitable liner.

5.2 PACKING MEDIUM.

The product may be packed dry or, if desired, in a clear liquid bouillon.

5.3 DRAINED WEIGHT.

The drained weight of the product shall be not less than 70 per cent. of the declared net weight of the contents.

5.4 COLOUR AND APPEARANCE OF PACK.*

The product shall be attractive in colour and appearance. The flesh shall be white or just off-white and shall have a fresh bloom. As far as is reasonably possible the product shall be free from brown discoloration, livid whiteness, bluing and staining. The liquid shall be colourless or at most pale pink in colour.

5.5 ODOUR AND FLAVOUR.

The odour of the flesh shall be fresh and sweet and the flavour characteristic of canned sound rock lobster. It shall not be insipid. Salt added to the product shall be sufficient only to accentuate the natural flavour of the rock lobster without conferring a salty taste. The product shall be free from off-flavours and off-odours.

5.6 TEXTURE.

The flesh shall be characteristically firm and tender. It shall not be soft and soggy.

5.7 FREEDOM FROM DEFECTS.

The canned product shall be free from shell, swimmeret, barnacle, anal canal, dirt, grit and other extraneous contaminants.

* As harmless magnesium ammonium phosphate (struvite) crystals tend to form, particularly during prolonged storage, it is recommended that canned rock lobster be marketed as soon as possible.

3.4 KOELWATER.

Koelwater moet in 'n goeie toestand gehou word. Wanneer dit weer gebruik of gesirkuleer word, moet dit gechloreer word ten einde 'n minimum resterende konsentrasie van 1 deel chloor per miljoen te handhaaf.

AFDELING 4.—VEREISTES WAT BETREF BESTANDDELE.

4.1 TOESTAND VAN GRONDSTOWWE.

Alle krewe en ander bestanddele moet sowel tydens die bereiding van die produk as tydens die inmaak daarvan, skoon, ongeskonde, vars, van goeie gehalte en in alle opsigte geskik vir menslike gebruik wees.

4.2 VOORBEREIDING VAN DIE KREEFFLEES.

Die vlees moet netjies reggesny wees, vry van stukke dop, swempootjies en eendemossels. Die dermkanaal moet heeltemaal verwyder word. Soveel moontlik van die natuurlike rooi pigment moet aan die vlees bly. By die voorlopige behandeling van die vlees voordat dit ingemaak word, moet afdoende voorsorgmaatreëls getref word om die moontlikheid van bruinverkleuring en/of groen of geel vlekvorming soveel moontlik uit te skakel.

4.3 SOUT.

Sout wat by die produk gevoeg word, moet van 'n goeie, eetbare gehalte wees, vry van enige bitter smaak te wyte aan kalsium, magnesium of sulfaat.

4.4 KRUIMIDDELS.

Onskadelike geurmiddels wat ingevolge die Ordonansie op Voedings-, Genees- en Ontsmettingsmiddels 1952 (Ordonnansie 36 van 1952) en die regulasies daaronder uitgevaardig, toegelaat word, is toelaatbare bestanddele.

AFDELING 5.—VEREISTES WAT BETREF DIE PRODUK.

5.1 DIE VERPAKKING VAN DIE PRODUK.

By die verpakking van sterte, is die aanwesigheid van 'n klein, addisionele stukkie vlees toelaatbaar om die volheid van die houer te reël. Die hele of halwe sterte moet netjies opgevou word met soveel moontlik van die rooi pigment van die epidermis sigbaar aan die buitekant van die vlees. Die produk mag met skoon perkamentpapier, sellulosefilm of 'n ander geskikte toedraai-materiaal omhul word.

5.2 VERPAKKINGSMEDIUM.

Die produk mag droog, of, indien verlang, in 'n helder vloeibare boeljon verpak word.

5.3 GEDREINEERDE GEWIG.

Die gedreineerde gewig van die produk moet minstens 70 persent van die verklaarde netto-gewig wees.

5.4 KLEUR EN VOORKOMS VAN DIE INHOUD VAN HOUERS.*

Die produk moet daar aanloklik uitsien wat betref kleur en voorkoms. Die vlees moet wit of slegs ietwat doffwit wees en mooi vars blyk. Vir sover dit redelik moontlik is, moet die produk vry wees van bruinverkleuring, grys-witverkleuring, blouverkleuring en vlekking. Die vloeistof moet kleurloos of hoogstens ligroos gekleur wees.

5.5 REUK EN SMAAK.

Die reuk van die vlees moet vars en soet wees en die smaak kenmerkend van ingemaakte gesonde kreef. Daar moet geen lawwe smaak teenwoordig wees nie. Daar moet net voldoende sout by die produk gevoeg word om die natuurlike geur van die kreef beter te laat uitkom sonder om 'n souterige smaak daaraan te verleen. Die produk moet vry wees van bysmake en vreemde reuke.

5.6 TEKSTUUR.

Die vlees moet 'n karakteristieke stewigheid besit en nie taai wees nie. Dit mag nie 'n sagte, papperige massa wees nie.

5.7 AFWESIGHEID VAN GEBREKE.

Die ingemaakte produk moet vry wees van dop, swempootjies, eendemossels, dermkanaal, vuiligheid, harde deeltjies en ander vreemde onsuiwerhede.

* Aangesien onskadelike magnesium-ammoniumfosfaat (struviet)-kristalle geneig is om in 'n produk te vorm veral wanneer dit lank bewaar word, word aangeveel dat ingemaakte kreef so spoedig moontlik bemark word.

5.8 DYES.

No artificial colouring matter shall be added to the product.

5.9 ANTI-OXIDANTS AND PRESERVATIVES.

No anti-oxidants or chemical preservatives, other than salt, shall be present in the product.

SECTION 6.—CONTAINERS.**

6.1 TYPES AND SIZES OF CANS.

Cans shall be suitable for the canning of rock lobster and, if lacquered, the lacquer shall be such that it does not peel off during processing and storage of the product. Cans of the following sizes are recommended for use:—

Trade Description.	Nominal Capacity.	Size. ***
	Oz.	
¼-lb. Fish	4	211 × 112
½-lb. Fish	8	309 × 115

6.2 SEALING OF CONTAINERS.

All containers shall be hermetically sealed and all closures strongly and accurately made.

SECTION 7.—PACKING AND PROCESSING REQUIREMENTS.

7.1 FILLING UNDER HYGIENIC CONDITIONS.

The product shall be prepared and filled under stricly hygienic conditions, into sound and clean containers. Lids shall be clean at the time of use.

7.2 EXHAUSTING, SEAMING AND PROCESSING.

7.2.1 The filled containers shall be sufficiently exhausted, properly seamed and processed by heat.

7.2.2 The exhausting, seaming and processing shall be done in such a manner that the ends remain concave under normal transport and storage conditions. Under normal conditions of transport and storage the product shall have a minimum shelf life of 18 months.

7.2.3 The time-temperature process shall ensure (a) the destruction of pathogenic organisms, and (b) freedom from microbiological spoilage.

SECTION 8.—LABELLING AND MARKING OF CONTAINERS.

8.1 DETAILS REQUIRED ON EACH CONTAINER OR LABEL.

Subject to 8.4 the following information shall appear legibly on each container or label in type of such size and prominence as prescribed by the Weights and Measures Ordinance, 1937 (Ordinance No. 18 of 1937), as amended, and the Foods, Drugs and Disinfectants Ordinance, 1952 (Ordinance No. 36 of 1952), and by the regulations framed under both Ordinances:—

(a) The full name and business address of the manufacturer, producer, proprietor or controlling company, or, in the case of containers packed for any particular person, the full name and business address of that person, preceded by words signifying that the contents were packed for that person;

(b) a true description of the contents;

(c) the net weight of the contents;

(d) the date of canning and, if used, the batch number, embossed or otherwise indelibly marked on the container. (Any mark or code used in lieu of the date shall be registered with the South African Bureau of Standards); and

(e) words signifying the country of origin.

** Lithographed cans may be used.

*** The dimensions are measured "overall" and are expressed in the manner usual in the industry, the last two figures representing sixteenths of an inch, the first representing inches, e.g., 211 = 2 in. and 11 sixteenths.

5.8 KLEURSTOWWE.

Geen sintetiese kleurstowwe mag by die produk gevoeg word nie.

5.9 ANTI-OKSIDEERMIDDELS EN PRESERVEERMIDDELS.

Geen anti-oksideermiddels en chemiese preserveermiddels, met die uitsondering van sout, mag in die produk teenwoordig wees nie.

AFDELING 6.—HOUERS.**

6.1. TIPES EN GROOTTES VAN BLIKKE.

Blikke moet geskik wees vir die verpakking van kreef, en, indien vernis, moet die vernis sodanig wees dat dit nie gedurende verwerking en bewaring van die produk afskilfer nie. Blikke van ondervermelde groottes word vir gebruik aanbeveel:—

Handelsbeskrywing.	Nominale inhoudsmaat.	Grootte. ***
	onse.	
¼-lb. vis	4	211 × 112
½-lb. vis	8	309 × 115

6.2 VERSEELING VAN HOUERS.

Alle houers moet lugdig verseël en alle sluitings sterk en noukeurig aangebring word.

AFDELING 7.—VEREISTES WAT BETREF VERPAKKING EN VERWERKING.

7.1 VULLING ONDER HIGIËNIESE TOESTANDE.

Die produk moet onder streng higiëniese toestande voorberei en in ongeskende, skoon houers verpak word. Die deksels moet skoon wees ten tye van hul gebruik.

7.2 LUGUITDRYWING, NAATSLUITING EN VERWERKING.

7.2.1 Die lug moet genoegsaam uit gevulde houers uitgedryf, die nate van houers behoorlik gesluit en die verseëlde houers deur middel van hittebehandeling verwerk wees.

7.2.2 Die luguitdrywing, naatsluiting en verwerking moet op so 'n manier geskied dat die ente konkaaf bly tydens normale vervoer- en bewaringstoestande. Onder normale vervoer- en bewaringstoestande moet die produk 'n goedhouvermoë van minstens 18 maande hê.

7.2.3 Die tyd-temperatuurproses moet—

(a) die vernietiging van patogene organismes, en

(b) afwesigheid van mikrobiologiese bederf, verseker.

AFDELING 8.—ETIKETTERING EN MERK VAN HOUERS.

8.1 BESONDERHEDE WAT OP ELKE HOUER OF ETIKET MOET VERSKYN.

Onderworpe aan 8.4 moet onderstaande besonderhede goed leesbaar op elke houer of etiket verskyn en wel sodanig in die oog vallend en in sodanige lettergrootte soos deur die Ordonnansie op Mate en Gewigte 1937 (Ordonnansie 18 van 1937), soos gewysig, en die Ordonnansie op Voeding-, Genees- en Ontsmettingsmiddels 1952 (Ordonnansie 36 van 1952), en deur regulasies onder albei ordonnansies uitgevaardig, voorgeskryf word:—

(a) Die volle naam en besigheidsadres van die fabrikant, produsent, eienaar, of beheermaatskappy, of, in die geval van houers wat vir 'n bepaalde persoon verpak word, die volle naam en besigheidsadres van daardie persoon, voorafgegaan deur woorde wat aantoon dat die inhoud vir daardie persoon verpak is;

(b) 'n juiste beskrywing van die inhoud;

(c) die netto-gewig van die inhoud;

(d) die inmaakdatum en (indien gebruik), die produksielotnommer, op die houer gebosseleer of op 'n ander manier onuitwisbaar aangebring (enige merk of kode wat in plaas van die datum gebruik word, moet by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde geregistreer word); en

(e) woorde wat die land van herkoms aandui.

** Gelitografeerde blikke mag gebruik word.

*** Die afmetings stel buitemate voor en word op die manier uitgedruk wat in die nywerheid gebruiklik is; die laaste twee syfers stel sestiendes van 'n duim voor, die eerste duime, bv., 211 = 2 dm. en 11 sestiendes.

8.2 ATTACHING OF LABELS.

8.2.1 Labels on containers shall be clean and neat and securely attached and shall not be superimposed on other labels. They shall not be applied by any person other than the manufacturer or his authorized agent.

8.2.2 Label glue which is liable to deterioration under humid conditions of storage of the canned product shall not be used.

8.3 MARKING OF PACKAGES.

If containers are placed in packages, such packages shall be clean, neat and unbroken and on every such package shall be printed or stencilled the number and size of the containers and the information required to be given on such containers as specified in 8.1 (a), (b), (c) and (e), except that the business address of the manufacturer or producer need not be the full business address, but the minimum necessary to enable him to be identified.

8.4 CONTAINERS FOR EXPORT.

Canned rock lobster packed for export may be labelled in accordance with the regulations of the importing country or dispatched unlabelled; provided that each container bears a code mark in lieu of the name of the producer, and the outer package bears all the information required by 8.3. The code mark shall be registered in advance with the South African Bureau of Standards.

SECTION 9.—PHYSICAL EXAMINATION.

9.1 DETERMINATION OF VACUUM AND NET WEIGHT OF CONTENTS.

9.1.1 Determine the gross weight by weighing the unopened container. In the case of a container with a lid attached by a double seam, measure the vacuum by means of a vacuum gauge and cut out the lid.

9.1.2 Transfer the contents of the container to a sieve (9.2) and wash, dry and weigh the container complete with lid. The difference between the gross weight (9.1.1.) and the weight of the container and lid gives the net weight of the contents.

9.2 DETERMINATION OF DRAINED WEIGHT OF CONTENTS.

Transfer the contents of the can to a sieve with 8 meshes to the inch. Drain the residue on the sieve for 2 minutes and weigh. Calculate the drained weight as a percentage of the declared net weight.

SECTION 10.—INCUBATION AND MICROBIOLOGICAL EXAMINATION.

10.1 INCUBATION OF CONTAINERS AT 37° C.

Incubate the containers for 14 days at 37° C. Examine not less than 10 per cent of these containers for evidence of microbiological spoilage in accordance with 10.2, and for pathogenic organisms.

10.2 METHODS OF MICROBIOLOGICAL EXAMINATION.

10.2.1 *Media Requirements.* — Each container to be examined requires the following number of tubed media for the purpose of cultural examination:—

Glucose nutrient broth	3
Dextrose tryptone broth	3
Cooked meat medium	3
Liver broth	6

10.2.2 *Glassware.* — All glassware used in the microbiological examination of rock lobster shall be sterile. Sterilization shall preferably be performed by dry heat at 170° C. for 1 hour. After cleaning, plug all test tubes with cotton wool before sterilization.

10.2.3 *Physical Examination and Preparation of Container.*

10.2.3.1 Note and record all marks of identification appearing on the container or label.

10.2.3.2 Remove the label. Record any physical defects, such as rust, pinholing, dents, imperfect closure or defective seams. Plainly mark for inspection questionable points to be given further physical examination after the container has been opened.

8.2 AANHEG VAN ETIKETTE.

8.2.1 Etikette op houers moet skoon en netjies en stewig aangebring wees en mag nie oor ander etikette geplak of deur enigiemand anders as die fabrikant of sy gemagtigde agent opgeplak word nie.

8.2.2 Etiket-gom wat moontlik kan bederf as die produk onder vogtige toestande bewaar word, mag nie gebruik word nie.

8.3 DIE MERK VAN PAKKETTE.

As die houers in pakkette gepak word, moet die pakkette skoon, netjies en heel wees, en op elke pakket moet die aantal en die grootte van die houers gedruk of gesjabloneer word, en ook die besonderhede wat volgens 8.1 (a), (b), (c) en (e) op die houers aangegee moet word, met dien verstande dat die besigheidsadres van die fabrikant of produsent nie die volle besigheidsadres hoef te wees nie, dog slegs die minimum wat nodig is om hom te herken.

8.4 HOUERS VIR UITVOER.

Ingemaakte kreef wat vir uitvoerdoeleindes verpak is, mag volgens die regulasies van die invoerland gëëtiketteer word of sonder etiket versend word, mits elke houer 'n kodemerk in plaas van die naam van die produsent dra, en die pakket al die besonderhede volgens 8.3 vereis. Ingemaakte kreef mag nie sonder etiket uitgevoer word nie, tensy die kode wat gebruik word vooraf by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde geregistreer is.

AFDELING 9.—FISIESE ONDERSOEK.

9.1 BEPALING VAN DIE VAKUUM EN NETTO-GEWIG VAN DIE INHOUD.

9.1.1 Bepaal die bruto-gewig deur die ongeopende houer te weeg. Meet, in die geval van 'n houer waarvan die deksel met 'n dubbelnaat bevestig is, die vakuum met behulp van 'n vakuummeter en sny die deksel uit.

9.1.2 Bring die inhoud van die houer op 'n sif oor (9.2) en was, droog en weeg die houer met deksel en al. Die verskil tussen die bruto-gewig (9.1.1) en die gewig van die houer plus deksel is die netto-gewig van die inhoud.

9.2 BEPALING VAN DIE GEDREINEERDE GEWIG VAN DIE INHOUD.

Bring die inhoud van die houer oor op 'n sif met 8 mase per duim. Dreineer die residu op die sif twee minute lank en weeg. Bereken die gedreineerde gewig as 'n persentasie van die verklaarde netto-gewig.

AFDELING 10.—INKUBERING EN MIKROBIOLOGIESE ONDERSOEK.

10.1 INKUBERING VAN HOUERS BY 37° C.

Inkubeer die houers 14 dae lank by 37° C. Ondersoek minstens 10 persent van hierdie houers vir tekens van mikrobiologiese bederf volgens 10.2, en vir patogene organismes.

10.2 MIKROBIOLOGIESE ONDERSOEK.

10.2.1 *Vereistes wat betref kweekbodems.* — Vir elke houer wat ondersoek moet word, is onderstaande aantal kweekbodems in buisies vir die uitvoering van die kultuurondersoek nodig:—

Voedende glukoseboeljon	3
Dekstrose-triptonboeljon	3
Kweekbodem van gekookte vleis . .	3
Lewerboeljon	6

10.2.2 *Glaswerk.* — Alle glaswerk wat by die mikrobiologiese ondersoek van kreef gebruik word, moet gesteriliseer wees. Dit moet by voorkeur 1 uur lank met droë hitte by 170° C. gesteriliseer word. Nadat die proefbuisies skoongemaak is, moet hulle van watteplusse voorsien word voor sterilisasie.

10.2.3 *Fisiese ondersoek en gereedmaking van die houer.*

10.2.3.1 Maak aantekening van alle herkenningsmerke wat op die houer of etiket voorkom.

10.2.3.2 Verwyder die etiket. Maak aantekening van fisiese gebreke soos roes, speldegaatjies, duike, onvolkome sluiting of defektiewe nate. Maak 'n duidelike merk by alle twyfelagtige punte wat nog aan verdere fisiese ondersoek onderwerp moet word nadat die houer oopgemaak is.

10.2.3.3 Thoroughly clean the container with soap and water. If it is greasy, it may be found helpful to apply a solvent such as petroleum ether, alcohol or naphtha.

10.2.3.4 For sterilization at the site of opening, grasp the container in the hand and hold the previously cleaned top in the flame of a Bunsen burner, distributing the heat with a circular motion. *Do not play the flame down on the top of the container*, as concentration of heat may cause scorching of the contents. It is suggested that blown containers be thoroughly cleaned with 60 per cent alcohol, after treatment with soap and water, and not flamed.

10.2.4 *Sampling of Contents.*

10.2.4.1 *Recording of Vacuum or Pressure.* — After flaming or otherwise sterilizing the top of the container, pierce the point of opening by means of a vacuum or pressure gauge tip under aseptic conditions and make a record of the reading shown on the gauge. On removal of the gauge, immediately cover the top of the container with a sterile petri dish or other form of sterile cover.

10.2.4.2 *Opening of Container.* — Now enlarge the gauge puncture by means of an appropriate type of sterile instrument, preferably the type that will cut a circular disc around the central puncture, or a piercing instrument which enlarges the puncture to a diameter of 0.5 to 1 in.

10.2.4.3 *Removal of Inoculum.* — Remove the rock lobster by means of sterile spoons, sterile cork borers or glass sampling tubes. Where borers or sampling tubes are employed plug them with cotton wool before sterilization. Force the plug of food material from the sampling tube into a sterile flask containing approximately 50 ml. sterile water and glass beads. Take at least 15 g. of material for this purposes. Now mix the material and water by shaking, the beads causing the material to break up, and introduce 2-ml. quantities into each of the glucose broth, dextrose tryptone broth, liver broth and cooked meat medium tubes, by means of sterile pipettes. Before introducing the inoculum into the cooked meat medium, liquefy the petroleum jelly seal by heating the medium. Seal the liver broth tubes and dextrose tryptone broth tubes in accordance with 10.2.4.4.

10.2.4.4 *Sealing of Media Tubes for Anaerobic Incubation.* — Seal the six liver broth tubes and the three dextrose tryptone broth tubes by pipetting sterile petroleum jelly, liquid agar, liquid paraffin or paraffin wax on to the surface of the broth to a depth of approximately 0.5 in., and allow the seal to set.

10.2.4.5 *Heating of Cooked Meat Medium.* — After inoculation heat the cooked meat medium at 80° C. for 10 minutes and then allow to cool. Allow the seal to set before incubation.

10.2.4.6 *Incubation of the Culture Tubes.* — Incubate the culture tubes as follows:—

Glucose nutrient broth: 3 tubes aerobically at 37° C. for 5 days.

Dextrose tryptone broth: 3 tubes anaerobically at 55° C. for 5 days.

Liver broth: 3 tubes anaerobically at 37° C. and 3 tubes anaerobically at 55° C. for 5 days.

Cooked meat medium: 3 tubes anaerobically at 37° C. for 5 days.

In the case of blown containers, prepare a further set of tubes and incubate them anaerobically and aerobically at 20° C. for 5 days.

After incubation examine the culture tubes and determine the nature of the organisms isolated.

10.2.4.7 After the contents of the container have been sampled for culturing make the following examination on the contents and the container and record the findings:—

(a) Make a direct smear of the contents, stain it by Gram's method and examine it microscopically.

(b) Determine the pH value.

10.2.3.3 Maak die houer deeglik skoon met water en seep. Indien dit vetterig is, kan dit van nut wees om 'n oplosmiddel soos petroleumeter, alkohol of nafta te gebruik.

10.2.3.4 Vir sterilisasie by die openingspunt moet die houer met die hand vasgehou en die bokant wat vantevore skoongemaak is in die vlam van 'n Bunsen-brander gehou word. Versprei die hitte deur die houer met die hand in die rondte te draai terwyl die verhitting plaasvind. *Moenie met die vlam op die bokant van die houer speel nie*, aangesien gekonsentreerde hitte die inhoud kan verskroei. Daar word aan die hand gedoen dat opgeblaasde houers deeglik met alkohol (60 persent) skoon gemaak word nadat hulle met water en seep behandel is, en nie in 'n vlam gehou moet word nie.

10.2.4 *Monsterneming van die inhoud.*

10.2.4.1 *Bepaling van die vakuum of druk.* — Deurboor die openingspunt onder aseptiese toestande met die punt van 'n vakuum- of drukmeter, nadat die bokant van die houer met 'n vlam of op 'n ander manier gesteriliseer is, en maak aantekening van die meterlesing. Bedek die houer se bokant onmiddellik met 'n gesteriliseerde petribakkie of 'n ander soort gesteriliseerde deksel sodra die meter weggeneem word.

10.2.4.2 *Die oopmaak van die houer.* — Vergroot die gaatjie deur die meter gemaak met behulp van 'n geskikte tipe gesteriliseerde instrument, by voorkeur die tipe waarmee 'n skyf rondom die gaatjie as middelpunt gesny kan word, of 'n deurboringsinstrument waarmee die gaatjie se deursnee tot 0.5 tot 1 dm. vergroot kan word.

10.2.4.3 *Verwydering van die inoculum.* — Verwyder kreefprodukte met behulp van gesteriliseerde lepels, gesteriliserde kurkbore of steekbuisies van glas. Waar bore of steekbuisies gebruik word, moet hulle voor sterilisasie met watteproppe toegestop word. Druk die voedsel uit die steekbuis in 'n gesteriliseerde fles wat ongeveer 50 ml. gesteriliseerde water en glaskrale bevat. Neem vir hierdie doel minstens 15 g. materiaal. Meng die materiaal en die water deur te skud; die krale maak dat die materiaal opbreek. Bring met behulp van gesteriliseerde pipette 2-ml. hoeveelhede oor na elk van die buisies met glukoseboeljon, dekstrose-triptonboeljon, lewerboeljon en die kweekbodem van gekookte vleis. Voor die inoculum in die kweekbodem van gekookte vleis geplaas word, moet die bedekkende laag petroleumjellie gesmelt word deur die kweekbodem te verhit. Verseël die lewerboeljonbuisies en die dekstrose-triptonboeljonbuisies volgens 10.2.4.4.

10.2.4.4 *Verseëling van die kultuurbuisies vir anaerobiese inkubasie.* — Verseël die ses lewerboeljonbuisies en die drie dekstrose-triptonboeljonbuisies deur 'n laag gesteriliseerde petroleumjellie, vloeibare agar, vloeibare paraffien of paraffienwas van 0.5 dm. dikte op die oppervlak van die boeljon te pipetteer en laat die seël dan stol.

10.2.4.5 *Verhitting van die kweekbodem van gekookte vleis.* — Verhit die kweekbodem van gekookte vleis na inokulering 10 minute lank by 80° C. en laat dan afkoel. Laat die seël voor inkubering stol.

10.2.4.6 *Inkubering van die kultuurbuisies.* — Inkubeer die kultuurbuisies soos volg:—

Voedende glukoseboeljon: 3 buisies, 5 dae dank aerobies by 37° C.

Dekstrose-triptonboeljon: 3 buisies, 5 dae lank anaerobies by 55° C.

Lewerboeljon: 3 buisies, 5 dae lank anaerobies by 37° C. en 3 buisies, 5 dae lank anaerobies by 55° C.

Kweekbodem van gekookte vleis: 3 buisies, 5 dae lank anaerobies by 37° C.

Berei in die geval van opgeblaasde houers nog 'n stel buisies en inkubeer hulle 5 dae lank anaerobies en aerobies by 20° C.

Ondersoek die kultuurbuisies na inkubering en bepaal die aard van die geïsoleerde organismes.

10.2.4.7 Voer, nadat die monster van die inhoud van die houer vir kultuurkweking geneem is, onderstaande ondersoek op die inhoud en houer uit en noteer die bevindings:—

(a) Maak 'n direkte smeer van die inhoud, kleur dit volgens die Gram-metode en ondersoek mikroskopies.

(b) Bepaal die pH-waarde.

(c) Examine the contents for deterioration, discoloration, etc.
(d) Examine the interior of the container for stain, lacquer, rust, etc.
(e) Examine and measure the seams of the container for abnormalities.

10.3 PREPARATION OF MEDIA.

10.3.1 *Glucose Nutrient Broth.* — To 1,000 ml. of distilled water add 3 g. beef-extract, 5 g. peptone and 2 g. glucose (dextrose). Warm to dissolve, tube in 10-ml. quantities and autoclave at 121° C. for 30 minutes.

10.3.2 *Dextrose Nutrient Broth.* — Mix 10 g. tryptone, 5 g. dextrose, 0.04 g. bromocresol purple, and 1,000 ml. distilled water and steam the mixture until dissolved. Adjust the reaction to pH 6.8 to 7.0, filter, tube in 10-ml. amounts and autoclave at 121° C. for 30 minutes.

10.3.3. *Cooked Meat Medium.* — Cut 500 g. of lean beef or calf heart into small cubes and cover with distilled water. Bring to the boil, simmer for 1 hour and strain off the liquid infusion through several thicknesses of muslin. Pass the meat three times through a meat grinder and break up the particles by rubbing them between the hands. Add sufficient distilled water to the liquid infusion to make 2 litres and mix it with the meat. Add normal sodium hydroxide solution until the reaction of the supernatant liquid is pH 8.0. Weigh the medium in a tared vessel and autoclave for 15 minutes. Restore the weight with distilled water, and readjust the pH to 8.0. Boil for 10 minutes, restore the weight with distilled water and again adjust to pH 8.0. Boil again for 10 minutes, restore the weight, and, if the reaction is more acid than pH 7.5, readjust to this reaction. Distribute into tubes, keeping the mixture well stirred to ensure a uniform deposit of meat particles in each tube. Cover with a layer of sterile petroleum jelly and autoclave at 121° C. for 30 minutes. Check the final reaction which should be about pH 7.1 and must not be acid.

10.3.4 *Liver Broth.* — Boil 500 g. of minced ox liver in 1,000 ml. of distilled water for 1 hour. Adjust the reaction of the mixture to pH 7.0 and boil for a further 10 minutes. Strain through several thicknesses of muslin and make up the volume to 1,000 ml. with distilled water. Add 10 g. of peptone and 1 g. of di-potassium phosphate and again adjust the pH to 7.0. Tube the medium in 10-ml. quantities and add to each tube about 2 g. of the liver particles. Autoclave at 121° C. for 30 minutes. Boil the medium for 10 to 15 minutes before use to remove dissolved air, and cool the tube before inoculation.

B. COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR THE MANUFACTURE, PRODUCTION, PROCESSING OR TREATMENT OF CANNED FISH.

SECTION 1.—SCOPE.

1.1 This specification covers canned fish of the types described herein.

SECTION 2.—DEFINITIONS.

2.1 For the purpose of this specification the following definitions shall apply:—

Canned Fish.—The palatable foodstuff prepared by preserving edible fish or cuts of edible fish in hermetically sealed containers by heat treatment. This definition does not cover fish paste, fish balls and kedgeree.

Container.—A can made of tinplate or aluminium or unless inconsistent with the context, a jar made of glass.

Count.—The number of units of whole fish present in the container.

Drained Weight.—The weight of the contents of the container determined in accordance with 9.2.

(c) Ondersoek die inhoud vir verslegting, kleurverandering, ens.
(d) Ondersoek die binnekant van die houer vir vlekke, vernis, roes, ens.
(e) Ondersoek en meet die houernate met die oog op onreëlmatighede.

10.3 BEREIDING VAN KWEEKBODEMS.

10.3.1 *Doedende glukoseboeljon.* — Voeg 3 g. vleisekstrak, 5 g. pepton en 2 g. glukose (dekstrose) by 1,000 ml. gedistilleerde water. Verwarm om op te los, plaas hoeveelhede van 10 ml. in buisies en steriliseer 30 minute lank by 121° C. in 'n outoklaaf.

10.3.2 *Dekstrose-triptonboeljon.* — Meng 10 g. tripton, 5 g. dekstrose en 0.04 g. broomkresel-pers met 1,000 ml. gedistilleerde water en stoom totdat alles opgelos is. Reël die reaksie tot 'n pH-waarde van 6.8 tot 7.0, filtreer, plaas hoeveelhede van 10 ml. in buisies en steriliseer 30 minute lank by 121° C. in 'n outoklaaf.

10.3.3 *Kweekbodem van gekookte vleis.* — Sny 500 g. maer bees- of kalfshart in klein stukkies en bedek met gedistilleerde water. Bring aan die kook, laat 1 uur lank saggies kook en syg die vloeibare aftreksel deur verskeie diktes neteldoek. Maal die vleis drie maal in 'n vleismeule en breek die stukkies op deur hulle tussen die hande te vrywe. Vul die vloeibare aftreksel met gedistilleerde water tot 2 liter aan en meng met die vleis. Voeg dan normale natruimhidroksiedoplossing daarby tot die pH-waarde van die bedrywende vloeistof 8.0 is. Weeg die kweekbodem in 'n geweegde houer af en steriliseer 15 minute lank in 'n outoklaaf. Herstel die gewig met gedistilleerde water en reël die pH-waarde weer tot 8.0. Kook 10 minute lank, herstel die gewig met gedistilleerde water en reël die pH-waarde weer tot 8.0. Kook weer 10 minute lank, herstel die gewig en reël die pH-waarde, as die reaksie suurder as pH 7.5 is, tot hierdie waarde. Plaas oor in buisies terwyl die mengsel voortdurend goed geroer word sodat die vleisdeeltjies eweredig tussen die buisies verdeel word. Bedek met 'n laagie gesteriliseerde petroleumjellie en steriliseer 30 minute lank by 121° C. in 'n outoklaaf. Bepaal die finale pH-waarde; dit behoort ongeveer 7.1 te wees en mag nie 'n suur-reaksie toon nie.

10.3.4 *Lewerboeljon.* — Kook 500 g. gemaalde beeslewer 1 uur lank in 1,000 ml. gedistilleerde water. Reël die pH-waarde van die mengsel tot 7.0 en kook nog 10 minute lank. Syg deur verskeie diktes neteldoek en vul die volume aan tot 1,000 ml. met gedistilleerde water. Voeg 10 g. pepton en 1 g. dikaliumfosfaat daarby en reël die pH-waarde tot 7.0. Plaas die kweekbodem in hoeveelhede van 10 ml. in buisies en voeg by elke buisie omtrent 2 g. lewerdeeltjies. Steriliseer 30 minute lank by 121° C. in 'n autoklaaf. Kook hierdie kweekbodem voor gebruik 10 tot 15 minute lank om aanwesige lug te verdryf en laat die buisie voor inokulering afkoel.

B. VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIES VIR DIE VERVAARDIGING, PRODUKSIE, BEWERKING OF BEHANDELING VAN INGEMAAKTE VIS.

AFDELING 1.—BESTEK.

1.1 Hierdie spesifikasie dek ingemaakte vis van die tipes wat hierin beskryf word.

AFDELING 2.—WOORDBEPALING.

2.1 Onderstaande definisies geld vir die doeleindes van hierdie spesifikasie:—

Afwesigheid van mikrobiologiese bederf. — Die afwesigheid van opgeblaasde blikkies en blikkies wat lek, asook van mikro-organismes wat gedurende opberging van die produk bederf sal kan veroorsaak, in minstens 99 persent van die houers wat 14 dae lank by 37° C. geïnkubeer is.

Gedreineerde gewig. — Die gewig van die inhoud van die houer wanneer volgens 9.2 bepaal.

Houer. — 'n Houer wat van blik of aluminium gemaak is, of, tensy strydig met die verband, 'n glasfles.

Ingemaakte vis. — Die smaaklike voedsel wat berei word deur eetbare vis, heel of in gesnyde stukke, deur middel van hittebehandeling in lugdig-verseëlde houers te preserveer. Hierdie definisie dek nie vissmeer, visballetjies en „kedgeree" nie.

Exhausting.—The removal of air from the contents of a container either by means of heat treatment or by vacuumization.

Freedom from Microbiological Spoilage.—The absence, in not less than 99 per cent. of the container, incubated at 37° C. for 14 days, of blows, leaks and micro-organisms liable to cause spoilage in the product during storage.

Net Headspace.—The vertical distance between the underside of the top of the container and the upper level of its contents when determined in accordance with 9.1.

Slack Filling: Excessive lateral free space between individual units of fish or cuts of fish and/or between the units of fish or cuts of fish and the walls of the container.

Time-temperature Process. — The continuous heat treatment, expressed in terms of time and temperature, applied to the product after the container has been hermetically sealed.

SECTION 3.—GENERAL REQUIREMENTS FOR THE FACTORY.

3.1 CONDITION OF FACTORY.

3.1.1 The floor shall thoroughly washed each day the cannery is in operation.

3.1.2 The factory shall at all times be maintained in a hygienic state.

3.1.3 No operation or condition which is detrimental to the canning of fish shall be performed or be present in a fish canning factory.

3.2 EQUIPMENT.

3.2.1 Packing tables and utensils used in connection with the operation of fish cleaning shall be thoroughly washed immediately after each day's operations.

3.2.2 The tops of all packing tables shall be made of or covered with wood, concrete, plastic, glass, marble stainless steel or other material possessing similar desirable characteristics.

3.2.3 All packing tables shall have proper drainage and all joints shall be made water-tight.

3.2.4 All trays shall be kept clean and shall be regularly scalded with hot water or steam.

3.2.5 Lead and lead alloys other than solder shall not be used in the construction of equipment coming into contact with raw materials or the product.

3.2.6 Steam retorts shall be equipped with—

(a) a controller to maintain accurately the processing temperatures (this requirement is, however, not compulsory for the first cook);
(b) at least one indicating mercury-in-glass thermometer;
(c) a recording thermometer, complete with time-temperature charts;
(d) a pressure gauge;
(e) a vent or vents with tap(s) in the top of the retort;
(f) a bleeder in each thermometer well or pocket;
(g) at least one bleeder in the top of the retort;
(h) in the event of an automatic controller being used, a steam by-pass around the controller to make possible a rapid rise to the processing temperature; and
(i) an adequate safety valve.

3.3 WATER FOR PROCESSING, PACKING AND WASHING PURPOSES.

Every cannery shall have an adequate supply of clean water free from substances or organismes that are injurious to health.

3.4 COOLING WATER.

Cooling water shall be maintained in a wholesome condition. If re-used or re-circulated it shall be chlorinated to maintain a minimum residual chlorine concentration of 1 p.p.m.

Los-pakking. — Te groot sydelingse oop ruimte tussen heel visse of gesnyde stukke vis onderling en/of tussen die ville of gesnyde stukke vis en die wand van die houer.

Luguitdrywing. — Die verwydering van lug uit die inhoud van 'n houer, hetsy deur middel van hitte behandeling of deur evakuering.

Netto bo-ruimte. — Die vertikale afstand tussen die onderkant van die deksel van die houer en die bo-vlak van sy inhoud wanneer volgens 9.1 bepaal.

Telling. — Die aantal eenhede van heel vis wat die houer aanwesig is.

Tyd-temperatuurproses. — Die ononderbroke hitte behandeling, in terme van tyd en temperatuur uitgedruk, waaraan die produk onderwerp word nadat die houer lugdig verseël is.

AFDELING 3.—ALGEMENE VEREISTES WAT BETREF DIE FABRIEK.

3.1 TOESTAND VAN DIE FABRIEK.

3.1.1 Die vloer moet elke dag waarop die fabriek in werking is, goed gewas word.

3.1.2 Higiëniese toestande moet te alle tye in die fabriek gehandhaaf word.

3.1.3 In 'n visinmaakfabriek mag geen toestand heers of werk gedoen word wat nadelig vir die inmaak van vis is nie.

3.2 TOERUSTING.

3.2.1 Verpakkingstafels en gereedskap wat in verband met die skoonmaak van vis gebruik word, moet onmiddellik na die dag se werk goed afgewas word.

3.2.2 Die blaaie van alle verpakkingstafels moet van hout, beton, plastiek, glas, marmer, vlekvrye staal of ander materiaal met dergelike gewenste eienskappe gemaak of daarmee oorgetrek wees.

3.2.3 Alle verpakkingstafels moet behoorlik gedreineer, en alle voeë waterdig wees.

3.2.4 Alle bakke moet skoon gehou en gereeld met warm water of stoom gereinig word.

3.2.5 Lood of loodlegerings, met uitsondering van soldeersel, mag nie vir die konstruksie van toerusting wat met grondstowwe of die produk in aanraking kom gebruik word nie.

3.2.6 Stoomretorte moet voorsien wees van—

(a) 'n reguleerder waarmee die verwerkingstemperatuur noukeurig beheer kan word. (Hierdie vereiste egter nie vir die eerste kookproses verpligtend nie);
(b) minstens een kwiktermometer;
(c) 'n registreertermometer, volledig met tyd-temperatuurkaarte;
(d) 'n drukmeter;
(e) 'n luggat of -gate met kraan/krane bo-in die retort;
(f) 'n uitlaatklep in elke termometerhouer;
(g) minstens een uitlaatklep bo-in die retort;
(h) ingeval 'n outomatiese reguleerder gebruik word, 'n stoom-omleiding rondom die reguleerder om 'n vinnige styging tot die verwerkingstemperatuur moontlik te maak; en
(i) 'n geskikte veiligheidsklep.

3.3 WATER VIR VERWERKINGS-, VERPAKKINGS- EN WASDOELEINDES.

Elke inmaakfabriek moet 'n genoegsame hoeveelheid skoon water, vry van stowwe of organismes wat nadelig vir die gesondheid is, tot sy beskikking hê.

3.4 KOELWATER.

Koelwater moet in 'n goeie toestand gehou word. Wanneer dit weer gebruik of gesirkuleer word, moet dit gechloreer word ten einde 'n minimum resterende konsentrasie van 1 deel chloor per miljoen te handhaaf.

SECTION 4.—INGREDIENT REQUIREMENTS.

4.1 CONDITION OF INGREDIENTS.

All fish and other ingredients both at the time they are used in the preparation of the product and at the time of canning shall be clean, sound, of good quality and appearance and in every way fit for human consumption.

10.13.2 *Procedure.* Fill the glass cup with lard and smooth it off so that air bubbles are excluded. Push the cup into the metal case and wipe the excess lard off the bottom. Fix the thermometer and cup into a tight fitting cork and insert it into a suitable boiling tube to such a depth that the cup is about 2 to 3 cm. from the bottom of the tube. Immerse the whole apparatus in a beaker of water equipped with a stirrer and heat the outer bath at the rate of 1° C per minute. The temperature at which the first drop of liquid falls from the cup is taken as the melting point of the lard.

10.14 DETERMINATION OF REFRACTIVE INDEX OF LARD. Determine the refractive index at 60° C using a refractometer capable of being read to the fourth decimal place.

10.15 DETERMINATION OF ACID VALUE OF LARD.

10.15.1 *Reagents:*

(a) *Potassium Hydrogen Phthalate.* Analytical reagent.
(b) *Ethyl alcohol, 96 per cent.*
(c) *Diethyl ether.*
(d) *Phenolphthalein Indicator Solution.* Dissolve 1 g. phenolphthalein in 100 ml. ethyl alcohol (96 per cent).
(e) *Potassium Hydroxide Solution 0.1 N.* Dissolve 5.6 g. of carbonate-free potassium hydroxide in 1 litre of carbon-dioxide-free distilled water. Standardize against potassium hydrogen phthalate.

10.15.2 *Procedure.* Neutralize 50 ml. of a mixture of equal volumes of ethyl alcohol (96 per cent) and ether with the 0.1 N alkali solution using phenolphthalein solution (two to three drops) as indicator, until a permanent faint pink colour is obtained. Accurately weigh out 10 g. of the lard and dissolve it in the neutralized mixture of alcohol and ether. Titrate with the 0.1 N alkali solution, shaking constantly, until a faint pink colour persists for 15 seconds.

10.15.3 *Calculation:*

$$\text{Acid value} = \frac{a \times N \times 56.1}{G}$$

where—

a = volume of alkali used, in millilitres,

N = normality of alkali, and

G = weight of sample, in grams.

10.16 DETERMINATION OF IODINE VALUE OF LARD (WIJS METHOD).

10.16.1 *Reagents.*

(a) *Carbon Tetrachloride.* Redistilled.

(b) *Potassium Iodide.* Iodate-free.

(c) *Potassium Dichromate Solution, 0.1 N.* Accurately weigh out 4.903 g. of potassium dichromate, analytical reagent, dissolve it in distilled water and make up to 1 litre in a volumetric flask.

(d) *Sodium Thiosulphate Solution, 0.1 N.* Weigh out 25 g. of reagent grade sodium thiosulphate crystals ($Na_2S_2O_3.5H_2O$) and 0.1 g. sodium carbonate. Dissolve it in distilled water and make up to 1 litre. Shake well and standardize against the standard potassium dichromate solution.

(e) *Starch Indicator Solution.* Mix about 0.5 g. of starch to a paste with a little cold water and run into 25 ml. of boiling distilled water and boil for two minutes. Use 0.5 ml. of this solution for each determination.

(f) *Potassium Iodide Solution (10 per cent).* Dissolve 10 g. of potassium iodide, analytical reagent, in distilled water and make up to 100 ml.

'n effense troebelrigheid merkbaar is. Roer dan totdat die inhoud van die bekertjie homogeen is en laat 24 uur lank by 10° C staan voordat die smeltpunt bepaal word. Die smeltpunt-apparaat soos vereis deur B.S. 894 van 1940 moet gebruik word.

10.13.2 *Werkwyse.* Vul die glashouertjie met reusel en krap gelyk met die bo-rant sonder dat lugblase ingesluit word. Skuif die houertjie op in die metaalkassie en vee die oormaat reusel van die boom van die houertjie af. Laat die termometer en houertjie nou in 'n geskikte proefbuis hang deur middel van 'n prop wat styf in die buis pas en waardeur die termometer gaan. Die houertjie moet sowat 2 tot 3 cm. bokant die boom van die proefbuis wees. Plaas die hele apparaat in 'n beker wat van 'n roerder voorsien is en verhit die buitenste bad sodat die temperatuur 1° C per minuut styg. Die temperatuur waarby die eerste druppel van die houertjie val, word beskou as die smeltpunt van die reusel.

10.14 BEPALING VAN BREKINGSINDEKS VAN REUSEL. Bepaal die brekingsindeks by 60° C met behulp van 'n refraktometer wat tot die vierde desimaal afgelees kan word.

10.15 BEPALING VAN DIE SUURGETAL VAN REUSEL.

10.15.1 *Reagense:*

(a) *Kaliumwaterstofftalaat.* Analitiese reagensgehalte.
(b) *Etielalkohol, 96 persent.*
(c) *Dietieleter.*
(d) *Fenolftaleïenindikatoroplossing.* Los 1 g. fenolftaleïen op in 100 ml. etielalkohol (96 persent).
(e) *Kaliumhidroksiedoplossing 0.1 N.* Los 5.6 g. karbonaatvrye kaliumhidroksied op in 1 liter koolsuurgasvrye gedistilleerde water. Standaardiseer teen die kaliumwaterstofftalaat.

10.15.2 *Werkwyse.* Neutraliseer 50 ml. van 'n mengsel van gelyke hoeveelhede etielalkohol (96 persent) en eter met die 0.1 N alkalioplossing teenoor fenolftaleïen (twee tot drie druppels van die oplossing) as indikator. 'n Permanente ligte rooskleur dui die endpunt aan. Weeg 10 g. reusel noukeurig af en los dit in die geneutraliseerde alkoholetermengsel op. Titreer met die 0.1 N alkalioplossing terwyl gedurig geskud word. Sodra 'n ligte rooskleur 15 sekondes lank sigbaar bly, is die endpunt bereik.

10.15.3 *Berekening:*

$$\text{Die suurgetal} = \frac{a \times N \times 56.1}{G}$$

waar

a = volume alkali gebruik, in milliliter,

N = normaliteit van die alkali, en

G = gewig van monster, in gramme.

10.16 BEPALING VAN JOODGETAL VAN REUSEL (WIJS-METODE).

10.16.1 *Reagense:*

(a) *Koolstoftetrachloried.* Hergedistilleer.

(b) *Kaliumjodied.* Joodaatvry.

(c) *Kaliumdichromaatoplossing, 0.1 N.* Weeg 4.903 g. kaliumdichromaat (analitiese reagensgehalte) noukeurig af, los op in gedistilleerde water en verdun tot 1 liter in 'n maatfles.

(d) *Natriumtiosulfaatoplossing, 0.1 N.* Weeg 25 g. reagensgehalte natriumtiosulfaatkristalle ($Na_2S_2O_3.5H_2O$) en 0.1 natriumkarbonaat af. Los op in gedistilleerde water en verdun tot 1 liter. Skud goed en standaardiseer teen die standaardoplossing van kaliumdichromaat.

(e) *Styselindikatoroplossing.* Maak sowat 0.5 g. stysel tot 'n pap aan met 'n bietjie koue water en voeg dit dan by 25 ml. kokende, gedistilleerde water en kook 2 minute lank. Gebruik 0.5 ml. van hierdie oplossing vir elke bepaling.

(f) *Kaliumjodiedoplossing (10 persent).* Los 10 g. kaliumjodied (analitiese reagensgehalte) op in gedistilleerde water en verdun tot 100 ml.

(g) *Iodine Monochloride Solution.* Dissolve 8 g. of iodine trichloride in 1,000 ml. glacial acetic acid. Take 20 ml. of this solution and titrate with the standard thiosulphate solution and note the titre. Add iodine to the solution until the titre is slightly more than 1.5 times the original titre.

10.16.2 *Procedure.* Accurately weigh out 0.3 to 0.4 g. of the lard into a clean, glass-stoppered iodine flask of 250 ml. capacity. Dissolve the lard in 10 ml. of carbon tetrachloride and add exactly 25 ml. of the solution of iodine monochloride. Allow to stand in the dark for exactly 30 minutes, dilute with 100 ml. distilled water, add 20 ml. of the potassium iodide solution (10 per cent) and titrate the excess iodine with 0.1 N sodium thiosulphate solution. To determine the blank, carry out the same procedure omitting the lard.

10.16.3 *Calculation.*

$$\text{Iodine value} = \frac{(x - y)\,N \times 12.69}{G}$$

where

x = volume of the standard thiosulphate solution required for the blank, in millilitres,

y = volume of the standard thiosulphate solution required when lard is used, in millilitres,

N = normality of thiosulphate solution, and

G = weight of lard taken, in grams.

10.17 DETERMINATION OF SAPONIFICATION VALUE OF LARD.

10.17.1 *Reagents:*

(a) *Alcoholic Potassium Hydroxide Solution.* Dissolve 1.5 g. silver nitrate in 3 ml. distilled water. Add this to 1 litre of ethyl alcohol (96 per cent). Dissolve 3 g. of potassium hydroxide in 15 ml. warm alcohol, cool and add slowly to the alcoholic silver nitrate solution. Shake thoroughly, allow the silver hydroxide to settle overnight, decant the alcohol and distill off into a reagent bottle containing about 30 g. (but not less than 28 g.) of carbonate-free potassium hydroxide. Shake until dissolved and store in the dark when not in use.

(b) *Hydrochloric Acid, 0.5 N.* Accurately standardized.

(c) *Phenolphthalein Indicator Solution.* Prepare in accordance with 10.15.1 (d).

10.17.2 *Procedure.* Accurately weigh 2 g. of the lard into a suitable 250-ml. flask, add exactly 25 ml. of the alcoholic potassium hydroxide solution and heat under reflux for 30 minites. Cool, add 0.5 ml. of phenolphthalein solution and titrate with the 0.5 N hydrochloric acid. To determine the blank correction, carry out the same procedure omitting the lard.

10.17.3 *Calculation.*

$$\text{Saponification value} = \frac{(x - y)\,N \times 56.1}{G}$$

where

x = volume of hydrochloric acid required for the blank, in millilitres,

y = volume of hydrochloric acid required when lard is used, in millilitres,

N = normality of hydrochloric acid, and

G = weight of lard taken, in grams.

SECTION 11.—METHODS OF INCUBATION AND MICROBIOLOGICAL EXAMINATION TO BE USED TO DETERMINE COMPLIANCE WITH SPECIFICATION.

11.1 INCUBATION.

11.1.1 *Canned Sliced Bacon and Processed Ham.*

(g) *Jodium-monochloriedoplossing.* Los 8 g. jodiumtrichloried op in 1,000 ml. ysasyn. Neem 20 ml. van hierdie oplossing en titreer met die standaardoplossing van tiosulfaat en maak aantekening van die titrasielesing. Voeg jodium by die oplossing totdat die titrasielesing vir 'n volgende 20 ml. hoeveelheid 'n ietsie meer as 1.5 maal groter is as wat met die eerste titrasie verkry is.

10.16.2 *Werkwyse.* Weeg noukeurig 0.3 tot 0.4 g. van die reusel uit in 'n skoon jodiumfles met 'n inhoudsmaat van 250 ml. met 'n ingeslypte glasprop. Los die reusel in 10 ml. koolstoftetrachloried op en voeg presies 25 ml. van die jodium-monochloriedoplossing by. Laat presies 30 minute lank in die donker staan, verdun met 100 ml. gedistilleerde water, voeg 20 ml. van die 10-persent kaliumjodiedoplossing by en titreer die oormaat jodium met die 0. 1 N. tiosulfaatoplossing. Om die kontrolekorreksie te bepaal, moet dieselfde werkwyse, maar sonder die reusel, herhaal word.

10.16.3 *Berekening:*

$$\text{Joodgetal} = \frac{(x - y)\,N \times 12.69}{G}$$

waar

x = volume van die standaardoplossing van tiosulfaat benodig in die kontrolebepaling, in milliliters,

y = volume van die standaardoplossing van tiosulfaat benodig wanneer die reusel gebruik word, in milliliters,

N = normaliteit van die tiosulfaatoplossing, en

G = gewig reusel geneem, in gramme.

10.17 BEPALING VAN VERSEPINGSGETAL VAN REUSEL.

10.17.1 *Reagense:*

(a) *Alkoholiese kaliumhidroksiedoplossing.* Los 1.5 g. silwernitraat op in 3 ml. gedistilleerde water. Voeg dit by 1 liter etielalkohol (96 persent). Los 3 g. kaliumhidroksied op in 15 ml. warm alkohol, koel af en voeg dit stadig by die alkoholiese silwernitraatoplossing. Skud goed, laat die silwerhidroksied oornag afsak, gooi die alkohol af en distilleer oor in 'n reagensbottel wat omtrent 30 g. (maar nie minder as 28 g. nie) karbonaatvrye kaliumhidroksied bevat. Skud totdat alles opgelos is. Bewaar in die donker wanneer nie in gebruik nie.

(b) *Soutsuur, 0.5 N.* Noukeurig gestandaardiseer.

(c) *Fenolftaleïenindikatoroplossing.* Berei ooreenkomstig 10. 5.1 (d).

10.17.2 *Werkwyse.* Weeg 2 g. van die reusel noukeurig uit en 'n geskikte fles met 'n inhoudsmaat van 250 ml., voeg presies 25 ml. van die alkoholiese kaliumhidroksiedoplossing by en verhit 30 minute lank onder terugvloeiing. Koel af, voeg 0.1 ml. van die fenolftaleïenoplossing by en titreer met die 0.5 N soutsuur. Om die kontrolekorreksie te bepaal, moet dieselfde werkwyse gevolg word, maar sonder die reusel.

10.17.3 *Berekening.*

$$\text{Versepingsgetal} = \frac{(x - y)\,N \times 56.1}{G}$$

waar

x = volume soutsuur benodig vir die kontrolebepaling, in milliliters,

y = volume soutsuur benodig wanneer die reusel gebruik word, in milliliters,

N = normaliteit van die soutsuur, en

G = gewig reusel geneem, in gramme.

AFDELING 11.—METODES VAN INKUBASIE EN MIKROBIOLOGIESE ONDERSOEK WAT GEVOLG MOET WORD OM VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VAN DIE SPESIFIKASIE TE BEPAAL.

11.1 INKUBASIE.

11.1.1 *Ingemaakte dun gesnyde spek en kommersieel gesteriliseerde ham.*

11.1.1.1 *Incubation at* 37° C (98° F). Incubate two-thirds of the containers for microbiological examination at 37° C (98° F) for 14 days. Examine not less than 10 per cent of these containers for evidence of spoilage in accordance with 11.2 and 11.3.

11.1.1.2 *Incubation at* 55° C (131° F). Incubate one-third of the containers for microbiological examination at 55° C (131° F) for 10 days. Examine not less than 10 per cent of these containers for evidence of spoilage in accordance with 11.2 and 11.3.

11.1.2 *Other Canned Meats Excluding Pasteurized Ham.*

11.1.2.1 *Incubation at* 37° C (98° F). Incubate two-thirds of the containers for microbiological examination at 37° C (98° F) for 14 days. Examine not less than 10 per cent of these containers for evidence of spoilage in accordance with 11.2.

11.1.2.2 *Incubation at* 55° C (131° F), Incubate one-third of the containers for microbiological examination at 55° C (131° F) for 10 days. Examine not less than 10 per cent of these containers for evidence of flat sour and sulphide spoilage organisms in accordance with 11.2.

11.1.3 *Canned Lard.* Incubate all the containers for microbiological examination at 37° C (98° F) for 14 days. Examine not less than 10 per cent of these containers for evidence of spoilage organisms in accordance with 11.3.

11.2 EXAMINATION FOR GENERAL SPOILAGE ORGANISMS IN CANNED MEAT PRODUCTS INCLUDING LARD BUT EXCLUDING PASTEURIZED HAM.

11.2.1 *Media Requirements.* Each container to be examined requires the following number of tubed media for the purpose of cultural examination:—

Dextrose tryptone broth or glucose nutrient broth	4
Dextrose tryptone agar	2
Liver broth or sodium thioglycollate medium	2
Sulphite agar	2

Melt the tubed agar by immersion in boiling water and cool to 45° C (113° F) before use.

11.2.2 *Glassware.* All glassware used in the microbiological examination of canned meat products shall be sterile. Sterilization shall be performed preferably by dry heat at 170° C (338° F) for 1 hour.

11.2.3 *Physical Examination and Preparation of Container.*

11.2.3.1 Note and record all marks of identification appearing on the container or label.

11.2.3.2 Remove the label. Record any physical defects, such as rust, pinholing, dents, imperfect closure or defective side seams. Plainly mark for inspection questionable points to be given further physical examination after the can has been opened.

11.2.3.3 Clean the container with soap and water. If it is greasy, it may be found helpful to apply petroleum ether, naphtha or other suitable solvent.

11.2.3.4 For sterilization at the site of opening, grasp the container in the hand and hold the previously cleaned top in the flame of a bunsen burner, distributing the heat with a circular motion. *Do not play the flame down on the top of the container,* as concentration of heat may cause scorching of the contents. It is suggested that blown containers be thoroughly cleaned with 60 per cent alcohol, after treatment with soap and water.

11.2.4 *Sampling of Contents.*

11.1.1.1 *Inkubasie by* 37° C (98° F). Inkubeer tweederdes van die houers vir mikrobiologiese ondersoek bedoel 14 dae lank by 37° C (98° F). Ondersoek minstens 10 persent van hierdie houers ooreenkomstig 11.2 en 11.3 vir tekens van bederf.

11.1.1.2 *Inkubasie by* 55° C (131° F)' Inkubeer eenderde van die houers vir mikrobiologiese ondersoek bedoel 10 dae lank by 55°C (131° F). Ondersoek minstens 10 persent van hierdie houers ooreenkomstig 11.2 en 11.3 vir tekens van bederf.

11.1.2 *Ander ingemaakte vleissoorte uitgesonderd gepasteuriseerde ham.*

11.1.2.1 *Inkubasie by* 37° C (98° F). Inkubeer tweederde van die houers vir mikrobiologiese ondersoek bedoel 14 dae lank by 37° C (98° F). Ondersoek minstens 10 persent van hierdie houers ooreenkomstig 11.2 vir tekens van bederf.

11.1.2.2 *Inkubasie by* 55° C (131° F). Inkubeer eenderde van die houers vir mikrobiologiese ondersoek bedoel 10 dae lank by 55° C (131° F). Ondersoek dan minstens 10 persent van hierdie houers ooreenkomstig 11.2 met die oog op organismes wat bederf veroorsaak deur gaslose suurgisting of deur sulfiedvorming.

11.1.3 *Ingemaakte reusel.* Inkubeer al die houers vir mikrobiologiese ondersoek bedoel 14 dae lank by 37° C (98° F). Ondersoek minstens 10 persent van hierdie houers ooreenkomstig 11.3 vir organismes wat bederf veroorsaak.

11.2 ONDERSOEK MET DIE OOG OP ALGEMENE BEDERFVEROORSAKENDE ORGANISMES IN INGEMAAKTE VLEISPRODUKTE INSLUITENDE REUSEL MAAR UITSLUITENDE GEPASTEURISEERDE HAM.

11.2.1 *Vereistes wat betref kweekbodems.* Vir elke houer wat ondersoek moet word, is onderstaande aantal kweekbodems in buisies vir die uitvoering van die kultuurondersoek nodig:

Dekstrose-triptonboeljon of voedende glukoseboeljon	4
Dekstrose-tripton-agar	2
Lewerboeljon of natriumtioglikollaatmedium	2
Sulfiet-agar	2

Smelt die agar in buisies voor gebruik deur dit in kookwater te hou en koel daarna tot 45° C (113° F) af.

11.2.2 *Glaswerk.* Alle glaswerk wat by die mikrobiologiese ondersoek van ingemaakte vleisprodukte gebruik word, moet gesteriliseer wees. Dit moet by voorkeur 1 uur lank deur droë hitte by 170° C (338° F) gesteriliseer word.

11.2.3 *Fisiese ondersoek en gereedmaking van die houer.*

11.2.3.1 Maak aantekening van alle herkenningsmerke wat op die houer of etiket voorkom.

11.2.3.2 Verwyder die etiket. Maak aantekening van fisiese gebreke soos roes, speldegaatjies, duike, onvolkomende sluiting of defektiewe synate. Maak 'n duidelike merk by alle twyfelagtige punte wat nog aan verdere fisiese ondersoek onderwerp moet word nadat die houer oopgemaak is.

11.2.3.3 Maak die houer skoon met water en seep indien dit vetterig is, mag dit nuttig wees om petroleumeter, nafta, of 'n ander geskikte oplosmiddel te gebruik.

11.2.3.4 Hou die houer met die hand vas vir sterilisering by die openingspunt, en hou die bokant, wat vantevore skoongemaak is, in die vlam van 'n bunsenbrander. Versprei die hitte deur die houer met die hand in die rondte te draai terwyl die verhitting plaasvind. *Moenie met die vlam op die bokant van die houer speel nie,* aangesien gekonsentreerde hitte die inhoud kan verskroei. Dit is raadsaam om opgeblaasde houers goed skoon te maak met alkohol (60 persent), nadat hulle met water en seep gewas is.

11.2.4 *Monsterneming van inhoud.*

11.2.4.1 *Recording of vacuum or pressure.* After flaming or otherwise sterilizing the top of the container, pierce the point of opening by means of a sterile vacuum or pressure gauge tip under aseptic conditions and record the reading shown on the gauge. On removal of the gauge, immediately cover the top of the container with a sterile petri dish or other form of sterile cover.

11.2.4.2 *Opening of Container.* Now enlarge the gauge puncture by means of an appropriate type of sterile instrument, preferably the type that cuts a circular disc around the central puncture or a piercing instrument which enlarges the puncture to a diameter of 0.5 to 1 in.

11.2.4.3 *Removal of Inoculum.* For general spoilage organisms, remove liquid or semi-liquid material by means of sterile untapered or inverted 10-ml. graduated pipettes. Deliver quantities of 2 ml. into each of the broth and sulphite agar tubes. Deliver further quantities of 2 ml. into two sterile petri dishes. Now pour the dextrose tryptone agar (one tube to each dish) into the petri dishes, mix the contents by a swirling motion of the hand and allow the contents to set.

Sample solid material by means of sterile cotton wool plugged cork borers or glass sampling tubes. Discharge the plug of food material aseptically from the sampling tube into a sterile flask containing approximately 50 ml. sterile water and glass beads. Take at least 15 g. of material for this purpose. Now mix the material and water by shaking (the beads causing the material to break up) and introduce 2-ml. quantities into the broth and sulphite agar tubes and into two sterile petri dishes, as previously described. Seal the tubes intended for anaerobic incubation in accordance with 11.2.4.4.

11.2.4.4 *Sealing of media tubes for anaerobic incubation.* Seal two dextrose tryptone broth tubes and both liver broth tubes by pipetting sterile petroleum jelly, liquid agar, liquid paraffin or paraffin wax onto the surface of the broth to a depth of approximately 0.5 in. and allow the seal to set.

11.2.4.5 *Incubation of the tubes and plates.* Incubate the culture tubes and plates as follows:—

Dextrose tryptone broth: Two tubes, one anaerobically and one aerobically, at 37° C (98° F) for 5 days.

Dextrose tryptone broth: Two tubes, one anaerobically and one aerobically, at 55° C (131° F) for 5 days.

Liver broth tubes: Two tubes, anaerobically, one at 37° C (98° F) for 5 days and one at 55° C (131° F) for 5 days.

Sulphite agar tubes: Two tubes, one at 37° C (98° F) for 5 days and one at 55° C (131° F) for 5 days.

Dextrose tryptone agar plates: Two plates, one at 37° C (98° F) for 48 hours and one at 55° C (131° F) for 48 hours.

In the case of blown containers, prepare a further set of tubes and plates and incubate them anaerobically and aerobically at 20° C (68° F) for 5 days.

11.3 EXAMINATION FOR ORGANISMS CAUSING RANCIDITY IN PROCESSED HAM, SLICED BACON AND LARD.

11.3.1 *Media Requirements.* Each container to be examined requires the following amounts of sterile media for the purpose of cultural examination:—

Tryptone glucose beef-extract milk agar	2 tubes
Stock agar with coconut oil and nile blue sulphate	2 × 14 ml.
Stock agar with coconut oil . .	2 × 12.5 ml.
Dextrose potato agar (for lard only)	2 × 14 ml.

11.2.4.1 *Bepaling van vakuum of druk.* Deurboor die openingspunt onder aseptiese toestande met die punt van 'n gesteriliseerde vakuum- of drukmeter, nadat die bokant van die houer met 'n vlam of op 'n ander manier gesteriliseer is en maak aantekening van die meterlesing. Bedek die houer se bokant, onmiddellik nadat die meter weggeneem is, met 'n gesteriliseerde petribakkie of 'n ander soort gesteriliseerde deksel.

11.2.4.2 *Die oopmaak van die houer.* Vergroot die gaatjie wat deur die meter gemaak is met behulp van 'n geskikte tipe gesteriliseerde instrument, by voorkeur die tipe waarmee 'n skyf rondom die gaatjie as middelpunt gesny kan word, of 'n drukinstrument wat die gaatjie vergroot sodat dit 'n deursnee van 0.5 tot 1 dm. het.

11.2.4.3 *Verwydering van inokulum.* Verwyder, vir algemene bederf-veroorsakende organismes, vloeibare of halfvloeibare materiaal met gesteriliseerde stomp of omgekeerde 10 ml. gegradueerde pipette. Bring hoeveelhede van 2 ml. na elke van die boeljonbuisies en na elk van die sulfiet-agarbuisies oor. Bring verdere hoeveelhede van 2 ml. na twee gesteriliseerde petribakkies oor. Giet dan die dekstrose-tripton-agar (een buisie vir elke bakkie) in die petribakkies en meng die inhoud deur 'n draaiende beweging van die hand. Laat die inhoud vervolgens stol.

Neem monsters van vaste bestanddele met behulp van gesteriliseerde kurkbore of steekbuisies van glas wat met wattepluise toegemaak is. Bring die monster voedselmateriaal asepties uit die steekproefinstrument oor in 'n gesteriliseerde fles wat omtrent 50 ml. gesteriliseerde water en glaskrale bevat. Neem minstens 15 g. van die monster vir hierdie doel. Meng nou die materiaal en die water deur dit te skud, terwyl die krale die materiaal laat opbreek, en bring volgens bobeskrewe werkwyse, hoeveelhede van 2 ml. oor na die boeljon- en sulfiet-agarbuisies en na twee gesteriliseerde petribakkies. Verseël die buisies wat vir anerobiese inkubasie bedoel is, soos in 11.2.4.4 beskryf.

11.2.4.4 *Verseëling van kweekbodembuisies vir anerobiese inkubasie.* Verseël twee buisies wat dekstrose-triptonboeljon bevat, en albei die lewerboeljonbuisies deur gesteriliseerde petroleumjellie, vloeibare agar, vloeibare paraffien of paraffienwas op die oppervlak van die boeljon tot 'n diepte van ongeveer 0.5 dm. te pipeteer. Laat die seël stol.

11.2.4.5 *Inkubasie van die buisies en plaatjies.* Inkubeer die kweekbodembuisies en plaatjies nou soos volg:

Dekstrose-triptonboeljon: Twee buisies, een anerobies en een erobies, 5 dae lank by 37° C (98° F).

Dekstrose-triptonboeljon: Twee buisies, een anerobies en een erobies, 5 dae lank by 55°C (131° F).

Lewerboeljonbuisies: Twee buisies, anerobies, een 5 dae lank by 37° C (98° F) en een 5 dae lank by 55° C (131° F).

Sulfiet-agarbuisies: Twee buisies, een 5 dae lank by 37° C (98° F) en een 5 dae lank by 55° C (131° F).

Dekstrose-tripton-agarplaatjies: Twee plaatjies, een 48 uur lank by 37° C (98° F) en een 48 uur lank by 55° C (131° F).

Berei in die geval van opgeblaasde houers nog 'n stel buisies en plaatjies en inkubeer hulle 5 dae lank anerobies by 20° C (68° F).

11.3. ONDERSOEK MET DIE OOG OP ORGANISMES WAT GALSTERIGHEID VEROORSAAK IN INGEMAAKTE KOMMERSIEEL GESTERILISEERDE HAM, DUN GESNYDE SPEK EN REUSEL.

11.3.1 *Kweekbodemvereistes.* Vir elke houer wat ondersoek moet word, is onderstaande hoeveelhede gesteriliseerde kweekbodem vir die uitvoering van die kultuurondersoek nodig:

Tripton-glukose-beesvleisekstrak-melk-agar	2 buise
Voorraadagar met klapperolie en nylblousulfaat	2 × 14 ml.
Voorraadagar met klapperolie .	2 × 12.5 ml.
Dekstrose-aartappelagar (alleen vir reusel)	2 × 14 ml.

11.3.2 *Glassware.* Proceed in accordance with 11.2.2.

11.3.3 *Removal of Inoculum.* Add to 99 ml. of sterile 0.1 per cent sodium taurocholate solution which is at 41° C (105.8° F) approximately 1 g. of rendered fat which has been liquefied in a 41° C (105.8° F) waterbath, and shake well.

Sample unrendered fat by means of sterile cotton wool plugged cork borers or glass sampling tubes. Force the plug of fat from the sampling tube into a sterile flask containing approximately 50 ml. of 0.1 per cent sodium taurocholate solution and glass beads. Take at least 15 g. of fat for this purpose. Now mix the material and solution by shaking, the glass beads causing the material to break up.

11.3.4 *Preparation of Cultures.*

11.3.4.1 *Proteolytic organisms.* By means of a sterile graduated 1-ml. pipette deliver duplicate quantities of 1 ml. of the dilution made in accordance with 11.3.3. into sterile petri dishes. Add to these tryptone glucose beef-extract milk agar which has been melted and then cooled to 41° C (105.8° F). Mix the contents by a swirling motion of the hand and allow the contents to set. Invert the petri dishes and incubate in accordance with 11.3.5.

11.3.4.2 *Lipolytic organisms.* Repeat the inoculation of a further set of petri dishes in accordance with 11.3.4.1 and add nile blue sulphate coconut oil agar which is at 42° C (107.6° F). Mix the contents and allow to set. Invert the petri dishes and incubate in accordance with 11.3.5.

11.3.4.3 *Oxidative organisms.* Repeat the inoculation of another set of petri dishes in accordance with 11.3.4.1 and add coconut oil agar which is at 42° C (107.6° F). Mix the contents and allow to set. Invert the petri dishes and incubate in accordance with 11.3.5.

11.3.4.4 *Mould and yeasts.* Repeat the inoculation of a further set of petri dishes in accordance with 11.3.4.1 and add dextrose potato agar which is at 42° C (107.6° F). Mix the contents and allow to set. Invert the petri dishes and incubate in accordance with 11.3.5.

11.3.5 *Inocubation.* Incubate the plates as follows:—

Tryptone glucose beef-extract milk agar plates: At 37° C (98° F) for 48 hours.

Nile blue sulphate coconut oil agar plates: One at 37° C (98° F) for 4 days and one at 55° C (131° F) for 4 days.

Coconut oil agar plates: One at 37° C (98° F) for 4 days and one at 55° C (131° F) for 4 days.

Dextrose potato agar: Two at 25° C (77° F) for 4 days.

11.3.6. *Interpretation.*

11.3.6.1 *Proteolytic organisms.* These organisms showing a clear area around the colony are proteolytic organisms.

11.3.6.2 *Lipolytic organisms.* The lipase-forming colonies are at first deep blue in colour, with some colonies taking on a copper-red hue.

11.3.6.3 *Oxidative organisms.* Determine the organisms causing oxidative rancidity by pourng a 0.5 per cent aqueous solution of dimethylparaphenilenediamine-hydrochloride over the surface of the agar in the incubated petri dish and observing the colonies that take on a rose-red colour.

11.4 EXAMINATION FOR PATHOGENS AND NON-SPORE-FORMING ORGANISMS IN CANNED PASTEURIZED HAM. Proceed in accordance with 11.2.2 and 11.2.3. Then examine the ham in accordance with generally accepted bacteriological methods for the isolation of pathogenic and non-spore-forming organisms.

11.5. EXAMINATION OF CANNED MEAT PRODUCTS AFTER SAMPLING AND CULTURING. After the contents of the container have been sampled for culturing make the following examination on the contents and the container and record the findings:—

11.3.2 *Glaswerk.* Gaan volgens 11.2.2 te werk.

11.3.3 *Verwydering van inokulum.* Voeg ongeveer 1 g van die uitgebraaide vet wat in die waterbad by 41° C (105.8° F) vloeibaar gemaak is, by 99 ml. gesteriliseerde 0.1 persent natriumtaurocholaatoplossing waarvan die temperatuur 41° C (105.8° F) is en skud goed. Neem monsters van nie-uitgebraaide vet deur middel van gesteriliseerde kurkbore of steekbuisies van glas wat met wattepluise toegemaak is. Forseer die monster vet uit die steekproefinstrument in 'n gesteriliseerde fles wat ongeveer 50 ml. 0.1 persent natriumtaurocholaatoplossing en glaskrale bevat. Neem vir hierdie doel minstens 15 g. vet. Meng nou die materiaal en die oplossing deur te skud. Die glaskrale laat die materiaal opbreek.

11.3.4 *Bereiding van kulture.*

11.3.4.1 *Proteolitiese organismes.* Plaas duplikaathoeveelhede van 1 ml. van die verdunning wat ooreenkomstig 11.3.3 berei is, met behulp van 'n gesteriliseerde gegraadeerde pipet van 1 ml. in gesteriliseerde petribakkies. Voeg tripton-glukose-beesvleisekstrak-melk-agar wat gesmelt en daarna tot 41° C (105.8° F) afgekoel is hierby. Meng die inhoud deur 'n draaiende beweging van die hand en laat die inhoud stol. Keer die petribakkies om en inkubeer ooreenkomstig 11.3.5.

11.3.4.2 *Lipolitiese organismes.* Herhaal die inokulering van 'n verdere stel petribakkies ooreenkomstig 11.3.4.1 en voeg nylblousulfaat-klapperolie-agar daarby wat by 'n temperatuur van 42° C (107.6° F) is. Meng die inhoud en laat dit stol. Keer die petribakkies om en inkubeer ooreenkomstig 11.3.5.

11.3.4.3 *Oksiderende organismes.* Herhaal die inokulering van nog 'n stel petribakkies ooreenkomstig 11.3.4.1 en voeg klapperolie-agar wat by 'n temperatuur van 42° C (107.6° F) is daarby. Meng die inhoud en laat dit stol. Keer die petribakkies om en inkubeer ooreenkomstig 11.3.5.

11.3.4.4 *Skimmels en giste.* Herhaal die inokulering van die verdere stel petribakkies ooreenkomstig 11.3.4.1 en voeg daarby aartappel-dekstrose-agar wat gesmelt en daarna tot 42° C (107.6° F) afgekoel is. Meng die inhoud en laat toe dat dit stol. Keer die petribakkies om en inkubeer ooreenkomstig 11.3.5.

11.3.5 *Inkubasie.* Inkubeer die plaatjies soos volg:

Tripton-glukose-beesvleisekstrak-melk-agarplaatjies: 48 uur lank by 37° C (98° F).

Nylblousulfaat-Klapperolie-agarplaatjies: Een 4 dae lank by 37° C (98° F) en een 4 dae lank by 55° C (131° F).

Klapperolie-agarplaatjies: Een 4 dae lank by 37° C (98° F) en een 4 dae lank by 55° C (131° F).

Dekstrose-aartappel-agar: Twee 4 dae lank by 25° C (77° F).

11.3.6 *Interpretasie.*

11.3.6.1 *Proteolitiese organismes.* Die organismes wat 'n helder streek om die kolonie toon, is proteolitiese organismes.

11.3.6.2 *Lipolitiese organismes.* Die lipasevormende kolonies is eers diepblou van kleur, terwyl sommige kolonies 'n koperrooi skakering aanneem.

11.3.6.3 *Oksiderende organismes.* Bepaal die organismes wat galsteriigheid deur oksidasie veroorsaak, deur 'n 0.5 persent wateroplossing van dimentiel-parafenileendiemienhidrochloried oor die oppervlak van die agar in die geïnkubeerde petribakkie te gooi en die kolonies wat 'n roosrooi kleur aanneem, waar te neem.

11.4 ONDERSOEK MET DIE OOG OP PATOGENE EN NIE-SPOORVORMENDE ORGANISMES IN INGEMAAKTE GEPASTEURISEERDE HAM. Gaan volgens 11.2.2 en 11.2.3 te werk. Ondersoek dan die ham ooreenkomstig algemeen erkende bakteriologiese metode vir die isolasie van patogene en nie-spoorvormende organismes.

11.5 ONDERSOEK VAN INGEMAAKTE VLEISPRODUKTE NA MONSTERNEMING EN KULTUURKWEKING. Voer onderstaande ondersoek uit op die inhoud en houer nadat monsters van die inhoud vir kultuurkweking geneem is en teken die bevindings aan:

(a) Make a direct smear of the contents, stain it by Gram's method and examine it microscopically.
(b) Determine the pH value.
(c) Examine the contents for deterioration, discoloration, etc.
(d) Examine the interior of the container for stain, lacquer, rust, etc.
(e) Examine and measure the seams of the container for abnormalities.

11.6. PREPARATION OF MEDIA FOR GENERAL SPOILAGE ORGANISMS.

11.6.1 *Dextrose Tryptone Broth.* Mix 10 g. bacteriological tryptone, 5 g. dextrose, 0.04 g. bromcresol purple and 1,000 ml. of distilled water and steam the mixture until dissolved. Adjust the reaction to pH 6.8 to 7.0, filter, tube in 10-ml. amounts and autoclave at 121° C (249.8° F) for 30 minutes.

11.6.2 *Dextrose Tryptone Agar.* Add to the ingredients given in 11.6.1, 20 g. of powdered agar, steam to dissolve, tube in quantities of 20 to 25 ml. and autoclave at 121° C (249.8° F) for 30 minutes.

11.6.3 *Liver Broth.* Boil 500 g. of minced beef liver in 1,000 ml. of distilled water for 1 hour. Adjust the reaction of the mixture to pH 7.0 and boil for a further 10 minutes. Strain through several thicknesses of muslin and make up the volume to 1,000 ml. Add 10 g. of peptone and 1 g. of dipotassium phosphate and again adjust the pH to 7.0. Tube the medium in 10-ml. quantities and add to each tube about 2 g. of the liver particles. Autoclave at 121° C (249.8° F) for 30 minutes. Before use, boil this medium for 10 to 15 minutes to remove dissolved air. Cool the tube before inoculation.

11.6.4 *Sulphite Agar.* Mix 10 g. tryptone, 1 g. sodium sulphite, 20 g. agar, 0.1 g. ferric citrate and 1,000 ml. of distilled water. Warm to dissolve, tube in 10-ml. amounts and autoclave at 121° C (249.8° F) for 30 minutes.

11.6.5 *Glucose Nutrient Broth.* Mix 3 g. beef extract, 5 g. peptone, 20 g. glucose (dextrose) and 1,000 ml. distilled water. Warm to dissolve the ingredients, tube in 10-ml. quantities and autoclave at 121° C (249.8° F) for 30 minutes.

11.6.6 *Fluid Thioglycollate Medium, Linden.*

Proteose peptone	20.0 g.
Dextrose	5.0 g.
Yeast extract	2.0 g.
Sodium thioglycollate	0.5 g.
Agar	3.0 g.
Sodium chloride	5.0 g.
Dipotassium phosphate	2.5 g.
Methylene blue	0.002 g.

Suspend these ingredients in 1,000 ml. distilled water and heat to boiling. Distribute into test tubes and autoclave for 18 to 20 minutes at 121° C (249.8° F). The final reaction of the medium will be ± pH 7.2. Store in the dark at room temperature. If more than 20 per cent of the uppermost portion of the medium has changed to a green colour it should not be used. Under such circumstances, however, reheating once in a boiling waterbath is permissible to drive off the absorbed oxygen.

11.6.7 *Dextrose Potato Agar.* Slice 200 g. of washed pealed potatoes and add 1,000 ml. of distilled water. Boil gently for 1 hour and filter through butter or cheese muslin. Make the filtered liquid up to 1 litre with distilled water. Take 500 ml. of liquid, bring to boil, add 20 g. of glucose (dextrose) and while stirring add 15 g. powdered agar. Add the remainder of the liquid, adjust the pH of the liquid medium to pH 5.0 with 10 per cent tartaric acid solution, and filter, while hot, through cotton wool and muslin. The medium shall be filtered to a clarity which allows the

(a) Maak 'n direkte smeer van die inhoud, kleur dit volgens die Gram-metode en ondersoek mikroskopies.
(b) Bepaal die pH-waarde.
(c) Ondersoek die inhoud vir verslegting, kleurverandering, ens.
(d) Ondersoek die binnekant van die houer vir vlekke, vernis, roes, ens.
(e) Ondersoek en meet die houernate met die oog op onreëlmatighede.

11.6 BEREIDING VAN KWEEKBODEMS VIR ALGEMENE BEDERFVEROORSAKENDE ORGANISMES.

11.6.1 *Dekstrose-triptonboeljon.* Meng 10 g. bakteriologiese tripton, 5 g. dekstrose en 0.04 g. broomkresolpers met 1,000 ml. gedistilleerde water en stoom die oplossing totdat alles opgelos is. Reël die reaksie tot 'n pH-waarde van 6.8 tot 7.0, filtreer, plaas hoeveelhede van 10 ml. in buisies en steriliseer 30 minute lank by 121° C (249.8° F) in 'n outoklaaf.

11.6.2 *Dekstrose-tripton-agar.* Voeg by die bestanddele in 11.6.1 genoem, 20 g. poeiervormige agar, stoom om op te los, plaas hoeveelhede van 20 tot 25 ml. in buisies en steriliseer 30 minute lank by 121° C (249.8° F) in 'n outoklaaf.

11.6.3 *Lewerboeljon.* Kook 500 g. gemaalde beeslewer 1 uur lank in 1,000 ml. gedistilleerde water. Reël die reaksie van die mengsel tot 'n pH-waarde van 7.0 en kook nog 10 minute lank. Syg deur verskeie diktes neteldoek en vul die volume aan tot 1,000 ml. Voeg 10 g. peptoon en 1 g. dikaliumfosfaat daarby en reël die pH-waarde tot 7.0. Plaas 10 ml.-hoeveelhede van die kweekbodem in buisies en voeg omtrent 2 g. lewerdeeltjies by elke buisie. Steriliseer 30 minute lank by 121° C (249.8° F) in 'n outoklaaf. Kook hierdie kweekbodem voor gebruik 10 tot 15 minute lank om aanwesige opgeloste lug te verdryf. Laat die buisie voor inokulering afkoel.

11.6.4 *Sulfiet-agar.* Meng 10 g. tripton, 1 g. natriumsulfiet, 20 g. agar en 0.1 g. ferrisitraat met 1,000 ml. gedistilleerde water. Verwarm om op te los, plaas hoeveelhede van 10 ml. in buisies en steriliseer 30 minute lank by 121° C (249.8° F) in 'n outoklaaf.

11.6.5 *Voedende glukoseboeljon.* Meng 3 g. beesvleisekstrak, 5 g. peptoon, 20 g. glukose (dekstrose) en 1,000 ml. gedistilleerde water. Verwarm om die bestanddele op te los, plaas hoeveelhede van 10 ml. in buisies en steriliseer 30 minute lank by 121° C (249.8° F) in 'n outoklaaf.

11.6.6 *Vloeibare tioglikollaatmedium, Linden.*

Proteose peptoon	20.0 g.
Dekstrose	5.0 g.
Gisekstrak	2.0 g.
Natriumtioglykollaat	0.5 g.
Agar	3.0 g.
Natriumchlorid	5.0 g.
Dikaliumfosfaat	2.5 g.
Metileenblou	0.002 g.

Suspendeer hierdie bestanddele in 1,000 ml. gedistilleerde water en verhit tot kookpunt. Plaas oor in proefbuise en steriliseer 18 tot 20 minute lank by 121° C (249.8° F) in 'n outoklaaf. Die uiteindelike pH-waarde van hierdie medium sal ± pH 7.2 wees. Bewaar in die donker by kamertemperatuur. Indien meer as 20 persent van die boonste gedeelte van die medium groen van kleur geword het, behoort dit nie gebruik te word nie. Onder sulke omstandighede is dit egter toelaatbaar om die geabsorbeerde suurstof af te dryf deur een maal in 'n kokende waterbad tee verhit.

11.6.7 *Dekstrose-aartappel-agar.* Sny 200 g. gewaste en geskilde aartappels fyn en voeg 1,000 ml. gedistilleerde water by. Kook 1 uur lank matig en filtreer deur neteldoek.

Verdun die filtraat tot 1 liter met gedistilleerde water. Neem 500 ml. hiervan, verhit tot kookpunt en voeg 20 g. glukose (dekstrose) by, asook, onderwyl geroer word, 15 g. agar in poeiervorm. Voeg die ander 500 ml. filtraat by, reël die pH van die vloeibare medium tot 'n pH-waarde van 5.0 met behulp van 'n 10-persent-wynsteen-suuroplossing en filtreer deur watte en neteldoek terwyl dit nog warm is. Die medium moet tot so 'n mate van helderheid gefiltreer

macroscopic counting of colonies by artificial light. Tube in sterile 6 × ¾ in. cotton wool plugged tubes in 15-ml. amounts and sterilize in an autoclave for 30 minutes at 121° C (249.8° F).

11.7. PREPARATION OF MEDIA FOR ORGANISMS CAUSING RANCIDITY.

11.7.1 *Tryptone Glucose Beef-Extract Milk Agar.*

Agar	15 g.
Beef-extract	3 g.
Triptone	3 g.
Glukose	1 g.
Distilled water	1,000 ml.
Reaction range	pH 6.6 to 7.0
Preferred pH	7.0

Add 1 per cent of skim milk, just before final sterilization. Filter the medium, tube in 15-ml. amounts and autoclave for 30 minutes at 121° C (249.8° F).

11.7.2 *Nile Blue Sulphate Coconut Oil Agar.*

(a) *Agar stock:*

Nutrient agar 100 ml.
Disodium phosphate 0.5 g.

Adjust the pH to 7.4 and autoclave at 121° C (249.8° F) for 30 minutes.

(b) *Oil Emulsion.* Add 100 ml. refined coconut oil (or palm oil) and 2 g. gum tragacanth to 200 ml. of hot distilled water. Shake until the globules are approximately 10 ml. in diameter. Autoclave the emulsion at 121° C (249.8° F) for 15 minutes.

(c) *Nile Blue Sulphate.* Dissolve 1 g. of nile blue sulphate in 1,000 ml. distilled water. Autoclave this at 121° C (249.8° F) for 15 minutes.

Mix the constituents aseptically in the following proportions just prior to pouring the medium into the petri dishes—

11.0 ml. of melted agar stock;
1.5 ml. of oil emulsion; and
1.5 ml. of 0.1 per cent nile blue sulphate solution.

Calculate the quantity required for the test, mix the medium well, and then add sufficient to the petri dishes.

11.7.3 *Coconut Oil Agar.* Prepare this medium in accordance with 11.7.2 without the addition of the nile blue sulphate solution.

word dat kolonies makroskopies by kunsmatige verligting getel kan word. Plaas 15-ml.-hoeveelhede oor 'n gesteriliseerde buise (6 × ⅔ dm.) wat van wattepluise voorsien is en steriliseer 30 minute lank by 121° C (249.8° F) in 'n outoklaaf.

11.7 BEREIDING VAN KWEEKBODEMS VIR ORGANISMES WAT GALSTERIGHEID VEROORSAAK.

11.7.1 *Tripton-glukose-beesvleisekstrak-melk-agar:*

Agar	15 g.
Beesvleisekstrak	3 g.
Tripton	3 g.
Glukose	1 g.
Gedistilleerde water	1,000 ml.
Reaksiegrense	pH 6.6 to 7.0
Verkieslikste pH-waarde	7.0

Voeg 1 persent afgeroomde melk by net voor die finale sterilisering. Filtreer die kweekbodem, plaas 15-ml. hoeveelhede in buisies en steriliseer 30 minute lank by 121° C (249.8° F) in 'n outoklaaf.

11.7.2 *Nylblousulfaat-klapperolie-agar:*

(a) *Voorraadagar:*

Voedende agar 100 ml.
Dinatriumfosfaat 0.5 g.

Reël die pH-waarde tot 7.4 en steriliseer 30 minute lank by 121° C (249.8° F) in 'n outoklaaf.

(b) *Olie-emulsie.* Voeg 100 ml. geraffineerde klapperolie (of palmolie) en 2 g. tragakantgom by 200 ml. warm gedistilleerde water. Skud totdat die klein druppeltjies naasteby 10-ml. in deursnee is. Steriliseer die emulsie 15 minute lank by 121° C (249.8° F) in 'n outoklaaf.

(c) *Nylblousulfaat.* Los 1 g. nylblousulfaat in 1,000 ml. gedistilleerde water op. Steriliseer 15 minute lank by 121° C (249.8° F) in 'n outoklaaf.

Voeg asepties die bestanddele in die volgende verhoudings bymekaar net voordat dit in die petribakkies gegooi word:

11.0 ml. gesmelte voorraadagar;
1.5 ml. olie-emulsie; en
1.5 ml. 0.1 persent nylblousulfaatoplossing.

Bereken die hoeveelheid vir die toets vereis, meng die kweekbodem goed, en voeg dan 'n genoegsame hoeveelheid in die petribakkies.

11.7.3 *Klapperolie-agar.* Berei hierdie kweekbodem soos in 11.7.2 beskryf, sonder byvoeging van die nylblousulfaatoplossing.

Printed in South West Africa by John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek
Gedruk in Suidwes-Afrika deur John Meinert (Edms.) Bpk., Windhoek